

7 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 16:25-33

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23

Die Heilige Gees laat jou in Jesus Christus vrede vind – vrede is vryheid van bekommernisse

Kan mense en dinge aan jou die ware vrede gee? In die Ou Testament is die woord vir vrede “shalom”. Voor die sondeval was daar regtig volmaakte vrede tussen God en die mens. Satan het met sy versoekings die wonderlike vrede en rus versteur. Daarom is in Jesaja 9:6, 7 die belofte gegee dat daar ’n vredevoers sal kom om vrede te kom maak en vrede te gee.

Die Vredevoers is toe gebore, Jesus Christus! Hy is ons Vredemaker en herstel ons verhouding met God die Vader. Hy neem ons sondes deur sy kruisdood en opstanding weg. In Johannes 16:33 sê Jesus dat ons as mense in Hom vrede kan vind. Hy het klaar oorwin en ons is saam met Hom meer as oorwinnaar.

Die Heilige Gees woon nou in jou en Hy laat jou die vrede in Jesus Christus vind. Die Griekse woord vir vrede is “eirene”. *Eirene* beteken: vryheid van bekommernisse; vryheid van angste en innerlike onrustigheid.

Iets fantasties is aan jou geskenk, binne-in jou is die derde deel van die vrug van die Heilige Gees ingeplant: ware vrede! Nou kan ek en jy versoekinge, sonde en beproewinge totaal en al anders hanteer. Jy jubel, want die Heilige Gees oortuig jou dat jy God se kind is en dat jy reeds ’n plek in die hemel het.

Lewe nou met hierdie wonderlike vrede. Wys die vrede op jou gesig. Deel die evangelie van vrede met ander mense. Vra die Here om jou te help om vandag nog iemand te kontak met wie jy “onvrede” het. So gaan jy vrede kry, omdat julle dan vry is van nog een bekommernis.

Sing: Psalm 122:2

Ds. J van Schaik (Randburg)